



Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

**VOEDING EN GESINSEKOLOGIE:
'N SINAPS TOT BETER LEWENS-
KWALITEIT**

H.H. Vorster

Intreerede op 11 Junie 1993

WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Intreerede nr. 131

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM
Suid-Afrika**

© 1993

ISBN 1-86822-144-X

INLEIDING

Die moontlikheid van 'n kursus in Huishoudkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO is die eerste keer in 1930 tydens 'n Senaatsvergadering geopper. Na 'n uitgebreide ondersoek is 'n besluit daaroor in September 1943 geneem, en die vierjarige B.Sc. Huishoudkunde-graad kon vanaf 1944 gevolg word. Skeikunde en Kookkuns was die hoofvakke van die graad, en vakke soos Natuurkunde, Was-en-Stryk, Huishouding, Naaldwerk, Stoffeerwerk, Biologie, Fisiologie, Sielkunde, Mikrobiologie, Huisbestuur en Higiëne is ook geneem. Vanaf 1945 is 'n B.Sc. Huishoudkunde (Onderwyskeuse) aangebied en vanaf 1950 'n driejarige diplomakursus in Huishoudkunde, wat in 1972 na die vierjarige Hoër Onderwysdiploma in Huishoudkunde verander is. Vanaf 1960 kon studente in die Departement ook die driejarige B.Sc.-graad met Dieetkunde volg. Die beheer van die Huishoudkundekursusse is aanvanklik deur 'n spesiale komitee behartig. Eers met die aanstelling in 1954 van mev. M.M. Potgieter as senior lektor en Departementshoof, het die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde selfstandig geword. Mev. Potgieter is in 1963 tot professor bevorder en is met haar aftrede in 1977 deur prof. H.M. de Beer, wat ook die eerste nagraadse student in die Departement was, as Departementshoof opgevolg. Prof. De Beer is in 1991 deur prof. H.H. Vorster opgevolg.

Die fundamentele missie van Huishoudkunde-departemente wêreldwyd, is om deur middel van opleiding, navorsing en dienslewering by te dra tot die fisiese (fisiologiese), psigiese, omgewings- en ekonomiese welsyn en welvaart van individue en gesinne. Dieetkunde behels die voedingsorg van individue en gemeenskappe. Die kursusse in die Departement, asook die inhoud van die verskillende kursusse, is deur die jare aangepas en verander om met die veranderende behoeftes van die "praktyk" en die gemeenskap tred te hou. Die grootste uitdaging waarvoor die Departement egter nog te staan gekom het, is die ingrypende kulturele en sosio-ekonomiese veranderinge in alle Suid-Afrikaanse gemeenskappe wat op die politieke veranderinge na 2 Februarie 1990 gevolg het.

Die doel van hierdie bydrae is om aan te toon hoe die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde aan die PU vir CHO by hierdie veranderinge aangepas het deur herinterpretetering van die missie van Huishoudkunde en Dieetkunde, verandering van kursusinhoude en ontwikkeling van nuwe kursusse, veranderinge in navorsingsdoelwitte en 'n klemverskuiwing na

dienlewering aan al die verskillende Suid-Afrikaanse gemeenskappe, veral in Wes-Transvaal.

VOEDING EN GESINSEKOLOGIE: 'N NUWE ERA

Een van die eerste besluite wat die dosente in die Departement geneem het om die nuwe uitdaging die hoof te bied, was om die naam **Huishoudkunde en Dieetkunde** te verander na **Voeding en Gesinsekologie**. Die term **Huishoudkunde** weerspieël net 'n beperkte faset van die aktiwiteite in die Departement, en het verder ook ongelukkige assosiasies by baie mense, veral onder mede-akademici. Die naam **Dieetkunde** verwys slegs na 'n enkele professionele kwalifikasie in terapeutiese gesondheidsorg wat studente in die basiese rigting van **Voeding** kan verwerf. **Voeding** is dus 'n geskikter naam as **Dieetkunde**, terwyl **Gesinsekologie** 'n beter, omvattender beskrywing van die missie en doelstellings van Huishoudkunde omsluit.

'n Tweede besluit was om opleiding in die Departement nie net te rig op diens in 'n eerste-wêreld-, ontwikkelde gemeenskap nie, maar om die missie van Huishoudkunde van toepassing te maak op alle Suid-Afrikaanse gemeenskappe, insluitende die derdewêreld-, agtergeblewe, ontwikkelende gemeenskappe. Dit het tot gevolg gehad dat die vak **Interleer** verander is na **Gesinshulpbronbestuur**, dat 'n nuwe kursus, **B.Huishoudkunde**, ontwikkel is en dat 'n navorsingsbasis en ondersteuningsdiensprogram in Gemeenskapsontwikkeling ontwerp en in loodsstudies getoets is. **Voeding** is verder as 'n onafhanklike tweejarige hoofvak in die B.Sc.-rigting ingestel, met die oog op opleiding van Voedingkundiges wat onder andere navorsing asook "voorkomende" gemeenskapsvoeding as deel van die primêre gesondheidsorgspan kan bedryf.

'N SINAPS TOT 'N BETER LEWENSKWALITEIT

Die term **sinaps** is die eerste keer in 1906 deur 'n Britse fisioloog, Sherrington, gebruik om die plek waar twee of meer senuweeselle bymekaarkom, en waar "boodskappe" van een sel na 'n ander oorgedra word, te beskryf (Strand, 1983). Dit is van die Griekse "**sun-hapteln**" afgelei wat "**saam-aanraak**" beteken (Brink, 1988). Die aktiwiteite in Departement Voeding en Gesinsekologie kan gesien word as die **sinaps**

of sleutel tot 'n beter lewenskwaliteit vir individue en gesinne in die verskillende Suid-Afrikaanse gemeenskappe. Hierdie stelling sal in die onderstaande bespreking oor die organisasie en aktiwiteite van die Departement gemotiveer word.

ORGANISASIE VAN DIE DEPARTEMENT

Daar word vyf verskillende vakke, naamlik Voeding, Voedsel, Gesins-hulpbronbestuur, Kleding en Navorsings- en Voorligtingsmetodologie, in die Departement aangebied. Elke vak het 'n eie vakhoof met voltydse dosente en in sommige gevalle tydelike akademiese assistente. Die Departementshoof plus die vyf vakhoofde vorm 'n informele bestuurskomitee. Die vakke deel 'n gesamentlike Departementele administrasie of sekretariaat, en word ondersteun deur 'n aantal navorsingsassistentente en ondersteuningspersoneel, wat ses dienswerkers insluit. Tans (1993) is daar 31 persone in die personeel, van wie sewe se salarisse ten volle (of gedeeltelik) deur buitelandse gedra word. In 1993 is daar 148 voorgraadse en 30 nagraadse studente in die Departement geregistreer.

DIE VERSKILLENDE VAKKE IN DIE DEPARTEMENT

*** VOEDING**

In die vak **Voeding** word die nutriëntsamesstelling van voedsels, en die effekte of funksies van nutriënte in 'n gesonde en 'n siek liggaam bestudeer. Die vakke Fisiologie, Chemie en Biochemie vorm 'n belangrike onderbou vir Voeding. Die onderafdelings van die vak sluit onder andere die bestudering van voeding tydens die lewensiklus, terapeutiese voeding, voedseldiensbestuur, gemeenskapsvoeding en voedingsbeleid in. Opleiding in Voeding is daarop gemik om studente voor te berei om as voedingkundiges, dieetkundiges of huishoudkundiges die voedingsorg van individue en gemeenskappe te behartig, en ook om as lede van professionele verenigings, die owerhede te adviseer oor voedingsbeleid wat tot voedsel- en voedingsekeriteit van al ons gemeenskappe sal lei.

* **VOEDSEL**

In die vak **Voedsel** word die wetenskaplike beginsels wat nodig is vir die voorbereiding en bediening van gebalanseerde en sensories-aanvaarbare produkte en maaltye, bestudeer. Klem op produkontwikkeling, bemaking en kultuurverskille in eetpatrone verseker dat studente voorberei word om in die voedselindustrie of in enige gemeenskap navorsing en voorligting te kan doen.

* **KLEDING**

In **Kleding** word die tegnologiese prosesse wat nodig is om van tekstielvesels materiale en uiteindelik kledingstukke te maak, bestudeer. Konstruksievaardighede word aangeleer en die versorging van verskillende tipes materiale, estetiese, sielkundige en kulturele aspekte, asook die bemaking van klere geniet aandag. Studente word toegerus om in die industrie en in sake-ondernemings te werk, en ook om voorligting aan alle individue oor klere, die aankoop, die maak en die versorging daarvan, te gee.

* **GESINSHULPBRONBESTUUR**

Beginsels en vaardighede wat nodig is om 'n veilige, gerieflike, funksionele en aantreklike tuiste te skep, word in Gesinshulpbronbestuur bestudeer. Die bestuur van alle hulpbronne tot 'n gesin se beskikking, onderlinge interaksie van gesinslede en van die gesin met die omgewing en gemeenskap kry besondere aandag. Vaardighede oor inkomstegenerering met onder andere tuisnywerhede word in die praktika ontwikkel. Die inhoud van die vak berus op die wete dat die gesin die kleinste funksionele eenheid of "demokrasie" van die gemeenskap is, en dat "gesonde" gesinne "gesonde" gemeenskappe vorm. Studente word in hierdie vak veral voorberei om gesinne te help om beskikbare hulpbronne maksimaal te benut.

* **NAVORSINGS- EN VOORLIGTINGSMETODOLOGIE**

In hierdie multidissiplinêre vak word studente toegerus om kennis en vaardighede oor te dra deur van alle beskikbare media gebruik te maak. Hulle bestudeer ook die beginsels van navorsingsmetodes wat

nie net op nagraadse studie nie, maar ook op alle moontlike werksomstandighede van toepassing is. Bykomend word die Vakdidaktiek van Huishoudkunde ook in dié vakgroep gedoseer.

DIE VERSKILLENDE KURSUSSE IN DIE DEPARTEMENT

Ses verskillende grade en 'n diploma kan in die Departement geneem word. Die vier B.Sc.-grade is: 'n driejarige B.Sc. met Voeding as eerste hoofvak, gekombineer met óf Fisiologie óf Biochemie as tweede hoofvak; 'n driejarige B.Sc. met Dieetkunde wat aan die Beroepsraad vir Dieetkunde se vereistes voldoen en met 'n eenjarige Diploma in Dieetkunde afgerond moet word vir registrasie as dieetkundige; twee vierjarige B.Sc. Huishoudkunde grade, naamlik 'n "suiwer" graad en 'n graad gekombineer met 'n hoër onderwysdiploma (B.Sc. Huishoudkunde Educationis). Die basiese onderbou van hierdie grade is natuurwetenskaplik van aard met vakke soos Chemie, Fisika, Biochemie, Mikrobiologie, Fisiologie en Statistiek wat bykomend tot die vyf Huishoudkundevakke saam met ander B.Sc.-studente geneem word.

Die B.Sc. Huishoudkunde is veral daarop gemik om studente voor te berei om in industrieë produkontwikkeling en bemaking te doen. Hierdie studente kan dus 'n unieke rol in welwaartskepping speel

Die twee B. Huishoudkunde-grade is ook vierjarige grade en sluit ook 'n B. Huishoudkunde (Educationis) in. Die basiese onderbou van hierdie grade is egter nie natuurwetenskaplik nie, maar sosio-ekonomies van aard. Bykomende vakke wat geneem word, is Sosiologie (hoofvak), Sielkunde, Fisiologie en Bedryfseconomie. Vir toelating tot hierdie graad het studente slegs matrikulasievystelling, en nie matriek-Wiskunde nodig nie. Dié graad rus studente uitstekend toe om gemeenskapsvoorligting en -ontwikkeling te doen. Die vierjarige Hoër Onderwysdiploma in Huishoudkunde kan gevolg word deur studente wat nie matrikulasievystelling het nie, en stel studente in staat om Huishoudkunde as eerste skoolvak en Bedryfseconomie as tweede skoolvak aan te bied.

Die vyf vakke wat in die Departement geneem word, se teorie en praktika word ondersteun deur aktiewe navorsings- en gemeenskapsdiensprogramme. Studente word dus veral in hulle vierde jaar blootgestel aan navorsing en gemeenskapsdiens en doen gevolglik waardevolle ervaring

op. 'n Unieke kenmerk van die opleiding in die Departement is dat nie net kennis en praktiese vaardighede opgebou word nie, maar dat kommunikasievaardighede, kreatiwiteit, analitiese denke en interdisiplinêre integrasievermoëns ook ontwikkel word. Die doel van die opleiding is om 'n afgeronde persoonlikheid te vorm, wat vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, kultuursensitief en met verdraagsaamheid en onderlinge respek, kennis in die praktyk aan ander mense kan oordra, hetsy in gemeenskapsontwikkeling, hetsy in die ontwikkeling en bemerking van nuwe produkte of dienste.

Alle grade in die Departement kan tot op Ph.D.-vlak geneem word.

GEMEENSKAPSDIENS

Die dosente in die Departement is opgelei om die gemeenskap te dien, en is aktief betrokke in verskeie gemeenskapsdiensprojekte. Bykomend tot kleiner *ad hoc*-projekte soos die aanbied van seminare aan praktiserende dieetkundiges, na-uurse kledingkonstruksiekursusse aan werkende vroue, die aanbied van voedselkursusse, lesings en demonstrasies aan verskillende verenigings en telefoniese konsultasies, is daar twee groot gemeenskapsdiensprogramme in die Departement, naamlik die 10-Program van die Vroue-Reik-Uit-Stigting en die Lipiedkliniek.

*** 10-PROGRAM**

Die 10-Program is 'n opvoedkundige ontwikkelingsprogram wat deur die Vroue-Reik-Uit-Stigting befonds word. Die program is ontwikkel op versoek van die Staatspresidentsvrou nadat sy namens Suid-Afrika 'n deklarasie in Genève, Switserland, onderteken het waarin sy haar verbind het tot die opheffing van Suid-Afrikaanse vroue. Die program is ontwerp om deur 'n kaskade-effek op die heel goedkoopste manier groot groepe vroue te bereik. 'n Span deskundiges in die Departement lei groepe van tien vroue op sodat elkeen basiese kennis oor tien onderwerpe aan 'n volgende groep van tien vroue kan oordra. Elkeen van hierdie vroue lei dan weer 'n volgende groep van tien op. Die onderwerpe is Gesondheidsorg, Voedsel en Voeding, Kindersorg, Persoonlike Versorging, Gesinsorg, Behuising, Water en Sanitasie, Energie, Hulpmiddels en "Die Vrou". Kennis oor al hierdie onderwerpe help vroue om hulle beskikbare hulpbronne beter te bestuur,

en om 'n gesonde, gelukkige gesinslewe te bevorder. Die handleidings, instruksieboeke en voorligtingsmateriaal vir die program is in die Departement ontwikkel. Die evaluering van die program is terselfdertyd 'n navorsingsprojek waarin 'n Ph.D.- en 'n M.Sc.-student besig is om nagraadse kwalifikasies in Huishoudkunde te bekom. Sodra voldoende geld beskikbaar is, sal hierdie program landswyd ingestel word.

* **LIPIEDKLINIEK**

Die ander gemeenskapsdiensprogram van die Departement is 'n diens wat deur die Lipiedkliniek aan hiperlipidemiese, oorgewig- en diabetiese pasiënte van alle rassegroepe in Wes-Transvaal gelewer word. Geneeshere verwys pasiënte na die kliniek. Die verpleegsuster wat die kliniek bestuur, stel 'n mediese geskiedenis van die pasiënt op en trek bloedmonsters tydens vas. 'n Groot aantal veranderlikes, waaronder die meeste bekende risikofaktore vir koronêre hartvatsiekte en komplikasies van diabetes mellitus, word dan in die bloedmonsters gemeet. Genetiese toetse van mutasies op die geen wat kodeer vir die LDL-reseptor van familiële hipercholesterolemiese pasiënte, word ook gedoen. Na diagnose van die pasiënt word 'n geïndividualiseerde dieet deur 'n geregistreerde dieetkundige voorgeskryf, en die pasiënt word gereeld gemoniteer.

Die kliniek het in Januarie 1992 begin funksioneer, en tans word daar 360 pasiënte en kontroleproefpersone gemoniteer. Die voedingkundiges in die Departement en nagraadse studente in Dieetkunde, Voeding en Fisiologie, bygestaan deur 'n verpleegsuster en 'n mediese dokter, is aktief betrokke by die kliniek. Twee spesialiste (chemiese patoloë) van die universiteite van Pretoria en Natal, is in 'n raadgevende hoedanigheid by die kliniek betrokke. Die kliniek genereer buitengewoon baie navorsingsdata, wat 'n besondere rol in die opleiding van nagraadse studente speel. Die resultate van die behandeling van pasiënte in die kliniek is terselfdertyd 'n bron vir navorsingspublikasies.

NAVORSING

Die personeel in die Departement is almal betrokke by die vier hoofnavorsingrigtings in die Departement, naamlik Voeding/Dieetkunde, Voedsel,

Gemeenskapsontwikkeling en Akademiese Ondersteuning en Professionalisering. Die navorsingprogramme ondersteun voor- en nagraadse opleiding en genereer data wat gereeld op kongresse voorgedra, en internasionaal in vaktydskrifte gepubliseer word. Daar is wisselwerking tussen die verskillende navorsingrigtings, in so 'n mate dat alle personeel by die Gemeenskapsontwikkelingprogram betrokke is en dat dosente van verskillende vakgroepe saam aan spesifieke projekte deelneem. Die navorsing is ook interdisiplinêr deurdat kundige kollegas van ander vakterreine in die meeste projekte betrokke is.

Die Voedingsnavorsinggroep van die PU vir CHO is 'n produktiewe groep in Voedingsnavorsing in Suid-Afrika, en hul aktiwiteite sal nou in meer besonderhede bespreek word.

* VOEDINGNAVORSING

Die twee hoofrigtings waarin navorsing gedoen word, is Gemeenskapsvoeding en Kliniese Voeding. In Gemeenskapsvoeding word die nutriëntstatus van Suid-Afrikaners van al die verskillende bevolkingsgroepe vergelyk. Die groep is goed toegerus en het ervaring om omvattende nutriëntstatus te bepaal deurdat antropometriese metings, nutriëntinnames, kliniese ondersoeke en biochemiese analises van bloedmonsters met goed gestandaardiseerde metodes deur die groep gedoen kan word. So byvoorbeeld is die dieetpatrone, nutriëntinnames en nutriëntstatus van groepe blankes, verstedelike en plattelandse Swartes, Indiërs, Kleurlinge, en veral swart laerskoolkinders, reeds deur die groep beskryf (Vorster *et al.*, 1987; Vorster *et al.*, 1988; Mia *et al.*, 1990; Vorster *et al.*, 1990; Vorster *et al.* 1993).

In Kliniese Voeding word beide basiese en toegepaste navorsing op proefdiere (bobbejane en Zucker-vetrotte), hiperlipidemiese, oorgewig- en Diabetes Mellituspasiënte, asook gesonde proefpersone, gedoen. In hierdie afdeling van die navorsing word die uitwerking van verskeie nutriënte en kombinasies van nutriënte op die risikomerkers van Westerse siektes nagevors.

Bykomend tot die navorsing op serumlipiede en lipoproteïene (veral lipoproteïen (a)), konsentreer die groep op faktore wat stolling en

fibrinolitiese aktiwiteit in bloed beïnvloed. Die rede hiervoor is dat abnormale vlakke van die stollingsfaktore (veral fibrinogeen) en die fibrinolitiese ensieme met hul ensiemaktiveerders en -inhibeerders, deur meer as een meganisme die prosesse van aterosklerose en trombusvorming stimuleer (oorsigtelik bespreek deur Vorster en Venter, 1993). Aterosklerose gee aanleiding tot koronêre hartvatsiekte en miokardiale infarksie, die grootste oorsaak van dood by Suid-Afrikaners wat 'n Westerse leefwyse volg. Verhoogde vlakke van fibrinogeen kan ook deur trombusvorming die risiko vir miokardiale infarksie in pasiënte met koronêre hartvatsiekte verder verhoog. Die voorkoms van hipertensie en beroerte onder swart Suid-Afrikaners is besonder hoog, en daar is aanduidings dat verhoogde vlakke van fibrinogeen hiermee geassosieer word. Die groep het reeds aangetoon dat verstedeliking van swartes plasmafibrinogeenvlakke verhoog voordat effekte op lipiede waargeneem word (Venter *et al.*, 1992), wat waarskynlik verklaar hoekom beroerte en nie koronêre hartvatsiekte nie, dié Westerse siekte is wat die vinnigste onder hierdie bevolkingsdeel toeneem. Die groep is tans besig om die onderliggende oorsaak van hierdie verskynsel te ondersoek.

Daar is verskeie projekte in die Departement aan die gang wat die meganisme waardeur dieet en farmaseutiese middels plasmafibrinogeen verlaag, ondersoek. Die projekte berus op 'n hipotese wat ontwikkel is na 'n toevallige waarneming (Vorster, 1987) dat rotte wat hoë veseldiëte gevoer is, se bloed langer geneem het om te stol as rotte wat 'n verfynde Westerse dieet ontvang het. Die groep het reeds aangetoon dat die oplosbare dieetveselkomponent, konjak glukomannan, plasmafibrinogeen verlaag, en die bydrae van die fermenteringsprodukte van die vesel is bepaal (Venter *et al.* 1991). Onlangse eksperimente in ons laboratorium (ongepubliseerde resultate) het aangetoon dat gesuiwerde fibrinogeen wat uit plasma van gesonde proefpersone, hiperlipidemiese en diabetiese pasiënte berei is, se snelheid van stolling, en die tipe stolsel wat vorm, aansienlik verskil. Ons is tans besig om die faktore wat hiervoor verantwoordelik is, te ondersoek. Dit blyk byvoorbeeld dat beter dieetkontrole van diabetiese pasiënte hierdie eienskappe van fibrinogeen gunstig beïnvloed.

Die voedingnavorsing in die Departement word in samewerking met verskeie ander instansies plaaslik en in die buiteland gedoen. So byvoorbeeld word veranderinge in fibrinogeen en faktor VII van proefpersone in Kreta (Griekeland) as gevolg van 'n koronêre hartvatsiekte-intervensieprogram, deur die groep in Potchefstroom gemeet. Daar is ook noue samewerking met die Dunn Clinical Nutrition Centre in Cambridge. Die stollingsprofiel van eksperimente in Cambridge word in Potchefstroom gemeet, terwyl die serumkorkettingvetsure in eksperimente wat hier gedoen word, in Cambridge gemeet word.

Die Voedingnavorsing word onder andere befonds deur die Stigting vir Navorsingsontwikkeling, deur die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad, die Navorsingstigting van die Eierraad, die Suid-Afrikaanse Suikervereniging, die Droëboneraad, die Mielieraad, Kellogg's en die farmaseutiese firma Boehringer Mannheim. Van hierdie organisasies dra ook by tot beurse vir nagraadse studente.

'n Belangrike faset van die Voedingnavorsing is dat benewens die meer as 70 wetenskaplike publikasies, die navorsers moeite doen om die resultate van die navorsing deur verantwoordelike kanale aan die publiek bekend te stel. So byvoorbeeld is oordrukke van 'n publikasie deur die groep oor eierinnome se effek op risikofaktore van koronêre hartvatsiekte, in die *American Journal of Clinical Nutrition* (Vorster *et al.*, 1992), deur die American Egg Centre na Amerikaanse geneeshere versprei. In Suid-Afrika het die Koringraad verskeie publikasies van die groep oor dieetvesel en gesonde eetpatrone in geïllustreerde glansbrosjures aan geneeshere, bemarkingsrade, navorsers, dieetkundiges en die algemene publiek versprei. Die groep se aanbevelings oor voeding en veral dieetveselinname is in die amptelike Suid-Afrikaanse dieetriglyne (Diet Consensus Panel, 1989) geïnkorporeer. Navorsingsresultate word verder dikwels in algemene tydskrifte gebruik om die publiek oor gesonde eetpatrone in te lig.

DIE TOEKOMS VAN DIE DEPARTEMENT VOEDING EN GESINSEKOLOGIE

*** GESINSHULPBRONBESTUUR**

'n Mens se tuiste is die plek waar gesinslede hulle kulturele identiteit ontwikkel, vestig en daagliks ervaar. Dit is die plek waar warmte,

versorging, sekuriteit, samesyn en aanvaarbaarheid ervaar word. Dit is waar verdraagsaamheid en verantwoordelikheid aangeleer word en waar tradisies gehandhaaf word. Die gesin, hetsy 'n enkel-, hetsy 'n uitgebreide gesin, is die hart van die samelewing. Die belangrikheid hiervan en die rol van Huishoudkundedepartemente in die vestiging van "gesonde" gesinne, word gedemonstreer deur die feit dat 1994 deur 'n Verenigde Nasies-resolusie (44/82 van 8.12.1989) verklaar is as **DIE JAAR VAN DIE GESIN**, en dat die Internasionale Federasie vir Huishoudkunde in 1992 deur die Verenigde Nasies as die amptelike beskermheer van die **JAAR VAN DIE GESIN** aangewys is. Die tema vir die **JAAR VAN DIE GESIN** is: "Hulpbronne en verantwoordelikhede in 'n veranderende wêreld."

Hierdie tema is van besondere belang vir Suid-Afrika. As ons 'n welvarende, gematigder en verdraagsamer samelewing wil skep waarin onderlinge groepe respek vir mekaar se kultuur het, sal ons dringend aandag moet gee aan die herstel van verbroke gesinne en die opbou van gesonde gesinslewe. Die Departement Voeding en Gesinsekologie is ideaal toegerus om 'n belangrike rol hierin te speel. Die B-graad in Huishoudkunde met 'n sterk sosio-ekonomiese onderbou, is spesiaal ontwerp om studente op te lei om gesinne van ontwikkelde en ontwikkelende gemeenskappe te help om hulle beskikbare hulpbronne beter te benut. Die kurrikulums in die Departement is aangepas om meer kultuursensitief te wees. Dit word beplan om groot getalle studente van alle bevolkingsgroepe in hierdie rigting op te lei. Baie Kleurling en swart studente sal egter akademiese ondersteuningsprogramme benodig - veral vir die aanleer van praktiese vaardighede wat 'n belangrike komponent van die kursus vorm. Die B.Sc. Huishoudkundegraad met sy natuurwetenskaplike onderbou is behou om studente toe te rus wat 'n belangrike rol in produkontwikkeling, bemarking en welvaartskepping kan speel. Dit word beplan dat meer studente in hierdie rigting opgelei word.

* **VOEDING EN DIEETKUNDE**

Suid-Afrika se Departement van Nasionale Gesondheid is tans besig met 'n herbeplanning van gesondheidsdienste. Daar is 'n klemverskuiwing van gesofistikeerde terapeutiese "eerstewêreld" gesondheidsorg na die meer voorkomende, primêre gesondheidsorg wat dienste vir meer mense toeganklik en bekostigbaar sal maak. Die voedingsorg van individue en gemeenskappe is 'n onontbeerlike deel

van primêre gesondheidsorg. Opleiding van dieetkundiges in Suid-Afrika, en veral die vereiste diploma vir registrasie, se klem lê op terapeutiese hospitaaldieetkunde. Daar is 'n geweldige behoefte aan meer voedingkundiges en dieetkundiges wat goed geskool is in gemeenskapsvoeding. Geneeshere, verpleegsters en aptekers wat aktief betrokke is by primêre gesondheidsorg, behoort ook meer oor Voeding in hulle opleiding te kry, en hierdie Voeding behoort deur opleide Voedingkundiges gedoseer te word.

Die grootste gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking is besig om te verstedelik en te verwesters. Dieet speel 'n belangrike rol in die voorkoming van Westerse siektes. Daar sal egter nog baie navorsing gedoen moet word voordat die ideale of optimale dieet wat Westerse siektes sal voorkom, bekend sal wees. Ons het tans 'n unieke geleentheid om die gevolge van veranderende eetpatrone van bevolkingsgroepe tydens 'n verwesteringsproses te bestudeer. Die Departement het hierdie uitdaging aanvaar, maar het 'n behoefte aan meer navorsingwetenskaplikes en 'n beter infrastruktuur.

SLOTOPMERKINGS

Dit is twyfelagtig of daar onder 'n nuwe regering in Suid-Afrika in die nabye toekoms, teen die agtergrond van die ongunstige ekonomiese klimaat, meer gesalarieerde poste vir huishoudkundiges, voedingkundiges of dieetkundiges geskep sal word. Daarom moet dosente voorberei word om studente toe te rus met kennis en vaardighede om as entrepreneurs hulle in die praktyk te bemark en hulle eie werkseleenthede te skep. Dit is ook belangrik dat as die Universiteit diensbaar wil wees in die gemeenskap waarin dit geleë is, gemeenskapsontwikkeling en primêre gesondheidsorg as prioriteitsrigtings vir opleiding en navorsing in die langtermynstrategiese beplanning van die Universiteit moet figureer. Die Departement Voeding en Gesinsekologie sal met entoesiasme, ywer en oorgawe hieraan deelneem!

VERWYSINGS

Brink, A.J. 1988. Woordeboek van Afrikaanse geneeskundeterme. 2e ed. Goodwood, Nasou: 440.

Diet Consensus Panel. 1989. Dietary recommendations for the prevention of coronary heart disease. **South African Medical Journal**, 76: 591-592.

Mia, F.B., Vorster, H.H., Seftel, H., Asvat, M.S. & Kruger, A. 1990. Nutrient intakes and coronary heart disease risk factors of Indian Matriculants. **South African Journal of Food Science and Nutrition**, 2(1): 13(suppl.)

Strand, F.L. 1983. Physiology. A regulatory systems approach. 2e ed. New York, MacMillan: 100.

Venter, C.S., Vorster, H.H., Silvis, N., Kruger, A., Mia, F. & Seftel, H.C. 1992. Determinants of plasma fibrinogen levels in South African communities. In: Ernst, E., Koenig, W., Low, G.D.O. & Meade, T.W. eds. **Fibrinogen: a "new" cardiovascular risk factor**, Wenen, Blackwell: 160-171.

Venter, C.S., Vorster, H.H., Van der Nest, D.G., Wight, A.W. 1991. Effects of konjac-glucomannan and propionate on plasma fibrinogen and serum and liver lipids in Zucker rats. **South African Journal of Clinical Nutrition**, 4(1): 6-11.

Vorster, H.H. 1987. Sommige fisiologiese effekte van dieetvesel met besondere verwysings na die plasmastollingsfaktore. Ongepubliseerde D.Sc-proefskrif, Potchefstroom, PU vir CHO, 243p.

Vorster, H.H., Barnard, H.C., Reitsma, G.M., Venter, C.S., Silvis, N., Greyvenstein, L.A., Bosman, M.J.C. & Kruger, A. 1993. Nutritional status of eight to ten year old white, black, coloured and Indian boys in a multi-cultural school. **South African Journal of Food Science and Nutrition**, (in druk).

Vorster, H.H., Benadé, A.J.S., Barnard, H.C., Locke, M.M., Silvis, N., Venter, C.S., Smuts, C.M., Engelbrecht, G.P. & Marais, M.P. 1992. Egg intake does not change plasma lipoprotein and coagulation profiles. **American Journal of Clinical Nutrition**, 55: 400-410.

Vorster, H.H., Silvis, N., Van Staden, D., Mensink, E., Labadarios, D., Gericke, G., Strydom, D. & Walker, A.R.P. 1990. Nutrient intakes and vitamin status of adult volunteers in Tshikundamalema, an isolated rural village in Venda. **South African Journal of Food Science and Nutrition**, 2(1): 12 (suppl).

Vorster, H.H., Silvis, N., Venter, C.S., Van Ryssen, J.C.J., Van Eeden, T.S. & Walker, A.R.P. 1987. Serum cholesterol, lipoproteins and plasma coagulation factors in South African blacks on a high egg but low fat intake. **American Journal of Clinical Nutrition**, 46: 52-57.

Vorster, H.H. & Venter, C.S. 1993. Why fibrinogen should be measured as part of the coronary heart disease risk profile. **South African Medical Journal**, 83: 309-310.

Vorster, H.H., Venter, C.S., Silvis, N., Van Ryssen, J.C.J., Huisman, H.W., Kotzé, J.P., Ubbink, J.B., & Walker, A.R.P. 1988. The influence of a habitual high egg intake on serum lipids in a rural coloured population. **South African Medical Journal**, 74: 555-559.